



NUUSBRIEF - DERDE KWARTAAL - 2019

## RAMPE EN VERLEENTHEDE SKEP GELEENTHEDE!

### Mosambiek op ons voorstoep

Gaan ons terugploeg in hierdie land waar baie Suid Afrikaners vakansie gehou het? Die afgelope jare het verskillende gemeentes ook op korttermyn uitreikings Mosambiek toe gegaan. Nou het Mosambiek baie meer van ons nodig!

Wil jy saamwerk?

### Situasie

Binne ses weke het 'n arm land hand-omkeer verander deur twee siklone, Idai en Kenneth. Honderde mense is dood en tiene van duisende is sonder heencome gelaat. Skole, gesondheidsklinieke, paaie en brûe is



*Een van die watertoetsers wys dat die vloed baie hoër was as die hoogtemeter. Kyk na die modderstreep op die hut in die agtergrond!*

vernietig en meer as twee miljoen mense is geraak. Gemeentes, Kerke, Besighede, Individue en Nie-regeringsorganisasies, wêreldwyd én van Suid-Afrika, het inbeweeg om te gaan help.

### **Geleentheid**

Minstens 16 000 watersuiwering sakkies is deur Global Relief versprei, veral deur bydraes van gemeentes in KwaZulu Natal. Een sakkie suiwer 20 liter water. Belangrike kontakte is gemaak en Klankbybels is uitgedeel. Prof Jean Simonis van die Universiteit Zululand het saam met sy vrou Anita vir jare in die Beira omgewing gewoon en gewerk. Na Idai Mosambiek in Maart vanjaar getref het, het Jean dadelik Beira gaan verken.

Die Here het op bonatuurlike maniere deure vir Jean oopgemaak. Hy het waardevolle verhoudings kon bou met leraars van die Mozambique Apostle Church en Church of

God Mozambique wat saam meer as 750 Gemeentes verteenwoordig. Jean kon sien hoe die plaaslike Kerk rolle van kosverpreiding oorneem. As Hidrologie Professor kon Jean help om waterputte oop te boor en die water te toets in die dorpie wat die ergste geraak is.

Kort daarna slaan sikloon Kenneth verder Noord langs die kus toe.

Jean en Anita is terug in RSA nadat hulle 'n week van Rampbestuur by die Katolieke Universiteit (UCM) in Beira gaan doseer het. Daarna het hulle ook 'n span van Igreja Reformada Kerkleiers en leiers van Kerksondermure opgelei. Die doel van die kursus is om verteenwoordigers van die plaaslike Kerk wat 'n hart en passie vir die werk het, op te lei en toe te rus om weer ander op te lei.

**Sikloon Idai, Mosambiek, nadraai, 15-16 Maart (Denis Onyodi: IFRC/DRK/Climate Centre).**



*Prof Monica Samaja,  
Dekaan van Gesondheid by  
UCM en Prof Jean Simonis*



## SAawe Nooi Jou

Langer termyn werk is nodig om hierdie land op ons voorstoep te help met hul heropbou pogings. Organisasies soos Global Relief, Harvest Ministries en INcontext vat hande saam met gemeentes en groepe in Mosambiek. Vat hande saam met Global Relief en maak 'n verskil. Skakel met ds Loffie Schoeman by **+2782 875 8313**, [lofstel@discoverymail.co.za](mailto:lofstel@discoverymail.co.za) of [globalrelief@saawe.co.za](mailto:globalrelief@saawe.co.za).

**VOORBIDDERS:** Ons is dringend op soek na mense wat hulle sal verbind om elke dag vir SAAWE in te tree in gebed. As jy bereid is om dit te doen, stuur asseblief jou Whatsapp telefoon nommer of epos adres na [patrys@saawe.org.za](mailto:patrys@saawe.org.za).

## HERE ONS SAL GAAN...

Deur Gerrie en Arlene Coetzee

Vroeg een oggend in Januarie 2002 vind ons onself op 'n tuinbank in ons werf in George nadat die Here die vorige nag baie duidelik aan Arlene gesê het dat ons sendingwerk in Brasilië moet gaan doen.

Onder leiding van die Heilige Gees verklaar ons onself bereid om te gaan waarheen Hy ons sou stuur. In September 2002 sluit ons by YWAM in Fortaleza, Brasilië, aan om ons sendingreis te begin deur 'n dissipelskapskool te doen. Oor die volgende vyf jaar is ons op verskillende plekke in Brasilië met YWAM betrokke en ook met 'n plaaslike gemeente in 'n klein dorpie in die binneland van die staat Ceará.

Ons keer middel Julie 2007 terug na Suid Afrika waar Gerrie sy teologiese opleiding by die Bybelsinstituut van SA in Kalkbaai voltooi. Gedurende die tyd voel ons sterk geroepe om ons werk in Portugal te gaan voortsit. Ons sluit in Maart 2011 aan by die IRE, Igreja Reformada Evangélica, in Massamá, Lissabon waar ons hoofsaaklik kerkplanting in die omgewing van Forte da Casa doen. Vir die volgende 8 jaar werk ons daar onder die hoofsaaklik Rooms Katolieke gemeenskap wat 'n baie moeilike sendingveld is. Ongelukkig word ons deur omstandighede buite ons beheer gedwing om die projek te staak en ons ervaar die Here se leiding om in April 2019 terug te keer na SA en by SAAWE aan te sluit en daar betrokke te raak by Koninkrykswerk as deel van hulle span.

Ons sien baie uit na die nuwe uitdaging om op 'n ander manier betrokke te wees by die uitdra van die Evangelie na diegene wat dit nog moet hoor. Prys die Here vir Sy genade en goedheid!

Alle eer aan God!

**Gerrie is beskikbaar om in gemeentes op te tree. Sy kontak besonderhede is [gerriearlene.saawe@gmail.com](mailto:gerriearlene.saawe@gmail.com) of 067 084 7256.**



# LIG UIT LIG – 'N SONPANEELBYBEL

Deur Christine Louw

Die meerderheid van mense op aarde het nie toegang tot die Woord van God nie! Ja, die Bybel is miskien in hulle taal vertaal, maar hulle kan nie lees nie!

'n Vrou in 'n onbereikte volksgroep het 40% van haar straat-verkoop-inkomste gebruik om iemand te huur om daaglik vir haar die Bybel voor te lees. Nadat sendelinge vir haar 'n Klankbybel met 'n sonpaneel gegee het, het sy dit begin gebruik onder bure en verbygangers wat by haar kom koop het. Sy het luistergroepe begin en letterlik honderde mense beïnvloed. So het 'n eenvoudige vrou 'n dissipelmaker geword. (*Geneem uit Faith comes by Hearing*)

Lyding as gevolg van oorlog, droogte en hongersnood het 'n ongekende vloedgolf van vlugteling veroorsaak veral van Sirië en Irak maar ook in Afrika, waarvan ons die effek ook hier in Suid Afrika beleef.

In die afgelope jaar kon ons 140 kerkleiers in Libanon, Jordanië, Turkye en Egipte toerus met 1300 Klankbybels en hoe om hierdie kosbare hulpmiddels onder die vlugteling te versprei en om luistergroepe te begin. Ook hier in Suid Afrika kon ons meer as 50 mense hierin oplei.

Wil jy nie ook deel word van hierdie kosbare ketting van luistergroepe onder vlugteling en mense wie se taal ons nie verstaan nie? Jy kan help om 'n Luisterbybel by 'n vlugteling te kry in Suid Afrika of in die Midde Ooste deur jou bydrae van R120.

**Onder Links:** Hierdie Siriëse vrou het haar man verloor maar die Woord van God in haar eie taal gekry.

**Onder Regs:** God praat my taal!



**Luister na Murray  
en Christine se  
Radiokansel  
program**

**“So Stuur Ek Julle”  
elke Sondag om  
12:30 by 657AM.**

## **KONTAK SAAWE:**

POSBUS 10170,  
ASTON MANOR, 1630  
+27 11 396 1225 (Tel)  
+27 86 693 2500 (Faks)  
[info@saawe.org.za](mailto:info@saawe.org.za) (Epos)  
[www.saawe.org.za](http://www.saawe.org.za) (Webtuiste)

**SAAWE BANK BESONDERHEDE:**  
TJEKREKENING NR: 627 527 984 24  
TAK FNB: 205 609  
SWIFT CODE: FIRNZAJJ